higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

1 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Onwaar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar

(5 × 2) **[10]**

VRAAG 2

2.1 C
2.2 D
2.3 B
2.4 D
2.5 I
2.6 A
2.7 F
2.8 G
2.9 B
2.10 E

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 3

3.1 President
3.2 Munisipale bestuurder
3.3 Unie
3.4 Republiek
3.5 7

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Rassesegregasie (2)

4.1.2 Die Nasionale Party se bewind (Enige relevante vraag) (2)

4.1.3
- Diskriminasie op grond van velkleur, godsdiens en geloof
- Slegs wit mense het regte gehad.
- Wittes was superieur bo alle ander rasse in Suid-Afrika. (3 × 1) (3)

4.1.4
- Dit is die datum van die eerste demokratiese verkiesing.
- Dit is tot openbare vakansiedag verklaar. (2 × 2) (4)

4.1.5
- Thabo Mbeki
- FW de Klerk (2 × 2) (4)

4.2
- Help die uitvoerende burgemeester.
- Tree op as politieke hoof van die departement wat aan hom/haar toegewys is
- Is verantwoordelik vir die doeltreffende en doelmatige administrasie van die betrokke departement
- Werk nou saam met die hoof van die betrokke departement
- Neem deel aan GOP (5 × 2) (10)

4.3
- Bestuur raads- en komiteevergaderings.
- Adviseer die Speaker en die Burgemeester oor die agenda van vergaderings.
- Stel raadslede in kennis van belangrike sake op die betrokke agenda.
- Verseker dat raadslede se mosies voorberei en betyds ter tafel gelê word volgens die raad se prosedures
- Help die spreker met die tel van die stemme.
- Adviseer die speaker en burgemeester oor dringende mosies

(Enige 5 × 2) (10)

4.4
- Rasionalisering
- Eienskappe van 'n gebied
- Ander grense
- Deling en verspreiding
- Geldigheid en kapasiteit
- Interafhanklikheid
- Samehorigheid en integrasie
- Tradisionele en landelike gemeenskappe (Enige 5 × 1) (5)

[40]

VRAAG 5

5.1 Nee (2)

5.2
- Munisipaliteite maak verordeninge in oorleg met die burgers.
- Hulle mag nie sonder die toestemming van hoër gesag lenings aangaan nie.
- Hulle is aanspreeklik aan die burgers en hoër owerhede.
- Hulle kan deur die premier gedwing word om dinge op 'n sekere manier te doen as dit die gemeenskap sal bevoordeel. (4 × 2) (8)

5.3
- Die premier kan 'n munisipaliteit aanraai om op 'n spesifieke manier op te tree.
- Die premier kan ingryp as dinge handuit ruk.
- Die premier kan iets voorwaardelik goedkeur.
- Die premier kan voorkom dat 'n munisipaliteit oorhaastig optree deur sy of haar goedkeuring te weerhou.
- Die premier kan optrede afdwing deur druk op die munisipaliteit uit te oefen. (5 × 2) (10)

5.4
- Munisipaliteite mag privaat sake bedryf.
- Die munisipaliteit se inkomste bepaal die dienste.
- Nasionale en plaaslike ekonomiese toestande sal die aktiwiteite bepaal.
- Munisipaliteite moet dienste aan private ondernemings lewer sodat hulle in die munisipaliteit belê.
- Beleid kan slegs geïmplementeer word as fondse beskikbaar is.

(Enige 5 × 2) (10)

5.5
- Om gemeenskappe demokraties en verantwoordelik te bestuur
- Om volhoubare dienslewering aan gemeenskappe te verseker.
- Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder.
- Om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder.
- Om gemeenskappe en organisasies aan te spoor om deel te neem aan plaaslike regeringsake. (Enige 5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Plaaslike (2)

6.2
- Munisipaliteite handhaaf die beginsels van openbare administrasie.
- Burgers is nader aan munisipaliteite as aan hoër owerhede.
- Hoër owerhede kan nie alle dienste aan die inwoners lewer nie.
- Munisipaliteite genereer hul eie inkomste.
- Dit verlig die las van die sentrale regering.
- Verskillende munisipaliteite het verskillende behoeftes en hulle weet die beste hoe om dit te bevredig.
- Belangstelling in administrasie neem toe omdat inwoners betaal en beter dienste kan eis.
- Inwoners kan aan openbare sake deelneem.
- Hulle help om die sentrale beleid te formuleer.
- Munisipaliteite is beter geleë om sentrale beleide te implementeer. (10)

6.3
- Die raad konsulteer met die OVK om die aantal kiesers te bepaal.
- Die LUR van plaaslike regering in die provinsie bepaal die aantal raadslede vir elke munisipaliteit.
- Die LUR publiseer dan die inligting in die regeringskoerant.
- Die aantal kiesers bepaal dan die aantal wyke. (4 × 2) (8)

6.4
- Daar kan nie in alle behoeftes voorsien word nie; daarom moet die raad prioriteite bepaal.
- As daar in sommige behoeftes voorsien word en in ander nie, kan dit tot onrus lei.
- Raadslede word op politieke grondslag verkies.
- Vakbonde plaas druk op die raad deur middel van stakings en optogte om hul politieke behoeftes te bevredig.
- Munisipaliteite se magte is beperk tot wat in die grondwet en wetgewing uiteengesit is. (Enige 5 × 2) (10)

6.5
- Die munisipaliteit verloor inkomste as mense na stede verhuis.
- Diegene wat agterbly, wil ook na stede trek.
- Antisosiale gedrag soos dwelmmisbruik kom voor.
- Mense beset grond onwettig.
- Munisipaliteite moet dienste lewer aan onwettige indringers (Enige 4 × 2) (8)

6.6
- Munisipaliteite sorg vir openbare administrasie
- Inwoners is nader aan munisipaliteite as aan hoër owerhede.
- Hulle genereer hul eie fondse en gebruik dit ekonomies.
- Dienste word goedkoop gelewer.
- Hulle verlig die las van hoër owerhede.
- Munisipaliteite kan die beste voorsien in inwoners se verskillende behoeftes.
- Munisipaliteite is beter geleë om die sentrale beleid toe te pas.
- Hulle help met die formulering van sentrale beleid
- Beleide word vinniger geïmplementeer
- Hoër owerhede kan nie bronne ekonomies benut nie. (Enige 2 × 1) (2)

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

7.1
- Die komitee vergader in die geheim en maak nie hul sake aan die publiek bekend nie; dit lei tot oneerlikheid en nie tot deursigtigheid nie.
- As die komitee 'n ontspanne en formele atmosfeer het, kan dit tot slordige denke lei.
- Raadslede is nie kundige administrateurs nie.
- Korporatiewe besluitneming waarborg nie goeie besluite nie.
- Die stelsel kan koördinasie en denke belemmer as hulle nie by die saak hou nie.
- Die stelsel kan lei tot pogings om in die administrasie in te meng. (6 × 2) (12)

7.2
- Om raadslede te adviseer oor beleidsaangeleenthede rakende die wyk.
- Om behoeftes en uitdagings waarvoor wyke te staan kom te identifiseer.
- Om deelname van die gemeenskap te bevorder.
- Om gemeenskappe in te lig oor die voorgestelde begroting, GOP en dienslewering.
- Om klagtes van inwoners oor munisipale dienslewering aan te hoor.
- Om effektiewe kommunikasie tussen die raad en die gemeenskap te verseker. (6 × 2) (12)

7.3
- Notules is wetlik bindend.
- Raadslede mag nie stem of deelneem aan besprekings van notules van vergaderings wat hulle nie bygewoon het nie.
- Nadat die voorsitter die notule goedgekeur en onderteken het, kan geen wysigings of weglatings aangebring word nie.
- 'n Raadslid mag nie versoek dat die verdeling van die kiesers in die notule opgeteken moet word nie.
- 'n Raadslid mag nie versoek dat sy/haar besware teen 'n resolusie aangeteken word nie.
- Notules kan as bewyse in 'n geregshof gebruik word. (6 × 2) (12)

7.4
- Belê die vergadering.
- Open die vergadering op die vasgestelde tyd.
- Verseker dat daar 'n kworum is.
- Verklaar die vergadering geopen. (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou